KENNISGEWING

Die doel van 'n kennisgewing is om inligting oor te dra. Hou dus by die feite:

Wie gaan wat waar wanneer en hoekom?

Voorbeeld:

NOODVERGADERING * NOODVERGADERING

Weet u van die beoogde verskuiwing van inwoners?

Weet u dat niemand skadevergoeding ontvang nie?

Voel u ook dat niemand ons – die inwoners – se opinie gevra het nie?

As u, soos ons almal hieroor in die duister is, kom dan na 'n vergadering ten einde 'n aksieplan op te stel.

WAAR:	Gemeenskapsaal
Datum:	Donderdag, 8 September 1950
Tyd:	18:00

Distrik Ses behoort aan die MENSE van Distrik Ses!